



GWK MEGANISASIE

Aandeehouersinligtingsessie

7 November 2023



GWK
mechanisation



GWK

mechanisation




1. Opening en verwelkoming
2. Agtergrond van die transaksie
3. Toekomsstrategie en pad vorentoe
4. Struktuur van aandeelhouing
5. *MOI (Memorandum of Incorporation)*
6. Meganisasie se waardeproposisie
7. John Deere Afrika en Midde-Ooste – SA-handelaarskaart
8. Konkurrente-inligting en makro-omgewing
9. Voorgestelde seniorbestuur-strukture
10. C&F as groeigeleentheid oor lang termyn
11. Vrae en bespreking
12. Afsluiting

AGTERGROND VIR APARTE POSISIONERING

- Northern Cape Farmers Investments (Pty) Ltd het 'n handelaarsooreenkoms met JDAME – bemarking, verspreiding en onderhoud van John Deere-toerusting en -onderdele.
- Verhouding kom reeds meer as 50 jaar.
- Ooreenkoms is eksklusief en beperk tot die GWK-voetspoor (AOR) soos ooreengekom met JDAME.
- Dit verhoed GWK om enige besigheid op direkte of indirekte basis te bedryf wat in direkte kompetisie met John Deere se produkreeks sou wees.
- GWK/VKB-transaksie verhoed dat John Deere-agentskap deel van die nuwe gesamentlike onderneming kan word. Plaas die handelaarsooreenkoms op risiko sou ons dit verbreek.
- VKB het soortgelyke ooreenkoms in plek met Case, en mag ook nie meer as een agentskap bedryf nie.

Mandaat ontvang van GWK-aandeehouers

- Om voort te gaan met die aparte posisionering van die besigheid in 'n outonome regsentiteit.
- Om voort te gaan met die allokasie en heruitreiking van aandele tussen GWK en die nuwe maatskappy vir bestaande aandeehouers van GWK soos reeds voorgehou aan die direksie.
- Aandele-uitreiking en kapitalisering van die nuwe maatskappy gedoen nadat formele waardasies deur kundige eksterne partye gedoen is.
- Nuwe aandele in Northern Cape Farmers Investments (Pty) Ltd behoort aan die meganisasie-aandeehouers.
- GWK Meganisasie Bedryf (Edms) Bpk. sal die operasionele maatskappy verteenwoordig vir dag-tot-dag dienslewering





TOEKOMSSTRATEGIE: PAD VORENTOE

1. Aandele en aandeleverhandeling

- Alle aandeelhouders van GWK kwalifiseer outomaties vir aandele in Northern Cape Farmers Investments (Pty) Ltd. (in dieselfde % verhouding as wat aandelebelang in GWK gehou was per aandeelhouer/regsentiteit).
- Aandele kan onderling verhandel word tussen bona fide-produsente, met die goedkeuring van raad van direkteure, aangesien die houermaatskappiese MOI bepaal dat 100% boerebesit 'n vereiste is.
- Aandele binne die operasionele besigheid is beskikbaar om buite aandeelhouding te fasiliteer tot 'n buite aandeelhouding van 'n maksimum van 50% (maak voorsiening vir toetrede van strategiese vennoot/vennote).
- JDAME vereis dat die Meganisasie-besigheid binne 12 maande 'n strategiese vennoot sal inlaat wat die besigheid vir toekomstige groei en uitbreiding asook kapitaalvereistes moet kapitaliseer.

TOEKOMSSTRATEGIE: PAD VORENTOE

2. Aandeelhouders en nuwe toetreders as beleggers/direksie

- Alle nuwe aandeelhouders moet goedgekeur word deur die direksie van die Meganisasiehouermaatskappy.
- Die nie-uitvoerende direkteure van die houermaatskappy word aangestel deur die aandeelhouders. Vir eerste aanstellings was hierdie magte binne die GWK Groep-direksie voordat die besighede apart geposisioneer was en sodanig hanteer.
- Die nie-uitvoerende direkteure van die operasionele maatskappy word aangestel deur die direksie van die houermaatskappy.
- Waar moontlik onafhanklikheid kry op die direksie met leiding vir die strategiese rigting vir die besigheid.



TOEKOMSSTRATEGIE: PAD VORENTOE

2. Aandeelhouders en nuwe toetreders as beleggers/direksie

- Daar is ooreenkomste met GWK onderhandel en in plek gestel vir die lewering van dienste vanuit nuwe beleggingsgroep (SLA's).
- Ooreenkomste is in plek vir die gebruik van infrastruktuur van GWK om die Meganisasie-besigheid te bedryf.
- Die nuwe MOI gee noulettend aandag aan aspekte van beheer vir produsente oor die Meganisasie-besigheid.
- Die Meganisasie-besigheid speel 'n integrale rol in die bestaande waardeproposisie aan produsente van die Noord-Kaap en die verhouding en struktuur moet van só aard wees dat die dienslewering aan produsente met minste moontlike ontwrigting sal geskied en die groter besigheid sal komplementeer.



TOEKOMSSTRATEGIE: PAD VORENTOE

3. Finansiering

- GWK behou sy eie kredietbeleid nieteenstaande die samesmelting met VKB.
- SLA-ooreenkomste is gesluit wat Meganisasie-kliënte steeds toegang bied tot hulle kredietfasiliteite by GWK, en sal aankope geskied soos in die verlede.
- Huurkoop-finansiering is beskikbaar by GWK sowel as John Deere Finance, wat bykans alle finansiering hanteer vanweë die voordelige rentekoerse. Hierdie dienste en opsies bly voortbestaan.



JOHN DEERE

TOEKOMSSTRATEGIE: PAD VORENTOE

4. Direksie

- Direksie word aangestel deur die aandeelhouers.
- GWK-direksie het binne hulle mandaat die **direksie** aangewys as volg:
 - Frans du Plessis (Uitvoerende voorsitter)
 - Llewellyn Brooks
 - HF Cilliers
 - Frans Lubbe
- Termyn van aanstelling is drie jaar.
- Bogenoemde direksie het aanbeveel dat nie-uitvoerende aandeelhouers as direkteure aangestel sal word in die operasionele meganisering besigheid.



STRUKTUUR

Bona fide-produsente
(100% aandele)



GWK Mechanisation
Aandele (100%)

Northern Cape Farmers
Investments (Pty) Ltd.

100% produsentebesit GWK
Meganisasie-aandeehouers
(1478)



100%

GWK Mechanisation
Operations (Pty) Ltd.

Besigheid wat dag-tot-dag
diens lewer



MOI VAN NUWE MEGANISASIE-MAATSKAPPY

Insette van belang wat in nuwe MOI ondervang is:

- Dit is met die nodige omsigtigheid en kundige advies geformuleer en saamgestel en goedgekeur deur die GWK-direksie.
- Daar is voldoende voorwaardes wat die beheer van die maatskappy in hande van bona fide-produsente hou.
- Enige vyandige oornames of aanbiedinge word ondervang met die nodige voorkoopregte.
- Daar is ook geleentheid vir buite-beleggers en/of vennootskappe om betrokke te raak by die bedryfsmaatskappy.
- Die houermaatskappy moet sodanig posisioneer word om met makroskuiwe, wat met konsolidasie in landbou plaasvind, moontlik vorentoe hierdie besigheid deel van 'n groter gekonsolideerde voetspoor te kan maak.
- *"Special protected matters"*.

WAARDEPROPOSISIE EN AGTERGROND

Voetspoor en dienspunte

- Agt verkope en dienspunte is strategies deur die gebied geleë om verkope- en naverkope-dienslewering aan ons kliënte te bied.
- Markaandeel is tans onder druk, maar GWK Meganisasie is steeds 'n kritiese rolspeler met baie goeie markaandele en markleier by ons kliënte, met gefokusde kliënteprofiele as bemarkingshulpmiddel.

Waardeproposisie

- GWK se bestuur verstaan dat GWK Meganisasie 'n wesenlike deel van die waardeproposisie van GWK in die Noord-Kaap is. Ons word egter nou volgens die John Deere-ooreenkoms verplig om die besigheid apart te posisioneer met die GWK/VKB-transaksie.
- GWK Meganisasie se waardeproposisie lê in die voorsiening van meganiese en tegnologiese oplossings vir ons produsente se meganisasiebehoefte om volhoubaar te kan boer met toerusting wat gerugsteun word deur die hele aangewese bedieningsgebied.
- Ons tegnologiese voetspoor in die bedieningsgebied (RTK-dekking), asook John Deere as strategiese vennoot, gee aan GWK Meganisasie die mededingende voordeel oor ons mededingers in die toegekende AoR (*area of responsibility*).


Handelaar van die jaar

- In 2021 word GWK Meganisasie as multi-tak handelaar van die jaar aangewys in Divisie 1, met Afgri Noord in die tweede plek en Afgri Suid in die derde plek.
- In 2022 verower GWK die derde plek en slaag steeds daarin om Mascor en Senwes uit die Top 3 te hou, ongeag die groot verskil in volumes op trekker-verkope – Afgri Noord en Afgri Suid was onderskeidelik eerste en tweede.
- In 2023 het die span vir die derde jaar agtereenvolgens plek op die podium behaal met 'n 3^{de} plek as Handelaar van die jaar en 1^{ste} plek aan Vos Botha as verkoopsverteenvoordiger van die jaar.




BEVESTIGING VAN SIKLIESE AARD VAN BESIGHEID

MEGANISASIE 2010 tot 2022 - NWVB



JOHN DEERE-HANDELAARS: GEOGRAFIESE VERDELING VAN PORTEFEULJE IN SA



MAKRO-OMGEWING: MARKAANDEEL VERSKILLENDE FABRIKATE


TRACTORS	OCTOBER				NOVEMBER TO OCTOBER				ROLLING 12 MONTHS			
	2023		2022		CURRENT		PREVIOUS		CURRENT		PREVIOUS	
MANUFACTURER	QTY	%	QTY	%	QTY	%	QTY	%	QTY	%	QTY	%
AGCO (Challenger, Massey Ferguson)	89	8.63%	114	8.99%	790	9.20%	1 037	11.34%	790	9.20%	1 037	11.34%
ARGO	119	11.54%	160	12.62%	1 778	20.70%	1 946	21.28%	1 778	20.70%	1 946	21.28%
BELL	2	0.19%	3	0.24%	14	0.16%	24	0.26%	14	0.16%	24	0.26%
CASE IH	149	14.45%	134	10.57%	1 118	13.02%	1 096	11.98%	1 118	13.02%	1 096	11.98%
CLAAS	3	0.29%	21	1.66%	117	1.36%	148	1.62%	117	1.36%	148	1.62%
JOHN DEERE	464	45.00%	545	42.98%	2 355	27.42%	2 501	27.35%	2 355	27.42%	2 501	27.35%
NEW HOLLAND	150	14.55%	202	15.93%	1 906	22.19%	1 759	19.23%	1 906	22.19%	1 759	19.23%
SMITH POWER EQUIPMENT	47	4.56%	73	5.76%	384	4.47%	432	4.72%	384	4.47%	432	4.72%
MICHIGAN (TAFE)	8	0.78%	16	1.26%	128	1.49%	202	2.21%	128	1.49%	202	2.21%
TOTAL MARKET	1031	100.0	1268	100.0	8 590	100.0	9 145	100.0	8 590	100.0	9 145	100.0
% OF PREVIOUS YEAR		81.3				93.9				93.9		

MAKRO-OMGEWING: MARKAANDEEL

- Die trekkermark het verlede jaar nasionaal met amper 20% gegroei teenoor die vorige 12 maande – die 9 145 trekkers is die meeste wat vir die afgelope 40 jaar verkoop is.
- Die bedryf is werklik in 'n baie goeie spasie, maar as gevolg van premies op pryse en gapings in veral die kleiner <70 kW trekkersegment is daar groot groeigeleentheid vir JD en sy handelaars indien die regte strategie in plek gesit word.
- Die nasionale mark het vir die jaar 6,1% laer afgesluit op 8 590 eenhede.
- Hoewel GWK se syfers teenoor begroting goed lyk, het ons ook soos die res van die JD-handelaars marktaandeel verloor JTD, maar is steeds op die doelwitte soos ooreengekom vir ons AoR.
- Vooruitsigte om nuwe modelle in die reeks te kry lyk goed, maar die groot volume-gapings gaan eers oor twee jaar gevul word.
- GWK se profiele wys egter steeds dat GWK/JD die markleier bly in ons AoR met marktaandeel oor die hele reeks.

GWK MECHANISATION OPERATIONS


HEELGOEDERE | AMS-STRUKTUUR | C&F



- C&F – Permanente struktuur wat geskep moet word ten einde groei te bewerkstellig
- Vakant: Strategies – reeds begroot
- Vol kommissie – Geen vaste koste

GWK MECHANISATION OPERATIONS

NAVERKOPE-STRUKTUUR AG EN C&F



- C&F – Permanente struktuur wat geskep moet word ten einde groei te bewerkstellig. Renier sal intussen die rol vervul
- Gedeelde funksies: Dieselfde persoon

JOHN DEERE C&F

Construction and Forestry (C&F) as groeigeleentheid – lang termyn

- Groter fokus met toegewyde personeel is nodig.
- Dit gaan tyd neem om in hierdie mark te vestig, en daar kan dus nie staat gemaak word op die afdeling vir korttermyn groei nie. Met die regte vennoot kan hierdie doelwit wel bereik word.
- Posisioneer C&F-besigheid as 'n aparte produklyn in die Meganisasie-besigheid met 'n gefokusde struktuur.
- Die struktuur sal groei soos die besigheid se winsgewendheid groei, totdat dit later in die nuwe direksie aangebied en voorgehou kan word om as 'n aparte besigheid te bedryf, sou die strategie verander.
- Behalwe vir die permanente toegewyde struktuur, word die besigheid ook ondersteun met gedeelde menslike bronne.
- Die permanente personeelstruktuur sal aanvanklik bestaan uit: 'n HG-bemarker en onderdele-bemarker/koördineerder – gesetel in Postmasburg/Kuruman/Kathu-area om vennootskapsontginning te bevorder.
- Daar word egter tans baie fokus geplaas op plaaslike geleenthede in Kimberley, op veral die naverkope deel van die mynboubedryf.





BESPREKING / VRAE



GWK

mechanisation



GWK MEGANISASIE

Aandeehouersinligtingsessie

7 November 2023



GWK
mechanisation